

## 12 Desember (Teks: 4:9 en 10)

## Hebreërs 4:1 -13

Beywer jou om die rus in te gaan

Vir 'n mens wat moeg is, is rus wonderlik. 'n Mens kan fisiek uitgeput raak van jou daaglikse werk, jou gejaagde lewe, die geraas en baklei om jou. Maar jy kan ook geestelik moeg word vir die stryd om die regte dinge te doen, Sondag se kerk, bid, Bybellees en selfs geloof! Wat beteken die rus van die Here vir my?

Hebreërs praat van Sabbatsrus. Die betekenis van "Sabbatsrus" is in die verloop van die Bybelse openbaring aangepas. Op die sewende dag het God voorsiening gemaak vir sy kinders se rus. Later in die geskiedenis van Israel sou die rus fisiese werklikheid word met hulle aankoms in die beloofde land. Die Sabbatsrus was die bevestiging van die vervulde beloftes van God. Vir ons het God se Sabbatsrus 'n geestelike dimensie bygekry.

Die Sabbatsrus is nou 'n werklikheid en die onrus lê op jou skouers om dit deur die krag van die Heilige Gees jou eie te maak. Jy gaan dit nie regkry deur jou godsdiens in 'n vorm te giet nie. Jou inspanning gaan nie die Sabbatsrus vir jou verseker nie. Hoe meer jy bewus word van jou eie tekortkominge, hoe meer draai jy vas in skuldgevoelens.

Sabbatsrus bestaan daarin dat jy op God se beloftes vertrou en jou nie verlaat op gevoel nie. Alles in jou lewe gebeur volgens die wil van die Here. Hy vergewe jou sondes. Dié geloof bring die Sabbatsrus in verband met verlossing van die las wat sonde en skuld op jou lê. Jy het 'n doel in die lewe, en jou gehoorsaamheid en dankbaarheid is vol vreugde. Jou daaglikse behoeftes is nie meer jou nommer een prioriteit nie. God het jou aanvaar op grond van wat Christus gedoen het

Sing Skrifberyming 18:5 en 7    Ds. J. Lion-Cachet (Port Elizabet)